

ROVRAL® FLO

SOUTH AFRICA Registration Number/Registrasie Nommer L1046, Act No. 36 of 1947/Wet 36 van 1947
MALAWI Registration Number/Registrasie Nommer MW/PCB/2019/R/0033
NAMIBIA Registration Number/Registrasie Nommer N-AR2001

READ THE LABEL BEFORE USE
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS

GROUP/GROEP	2	FUNGICIDES	SWAMDODERS
A fungicide formulated as a suspension concentrate for the control of:- <i>Botrytis</i> in table and wine grapes, kiwifruit, tomatoes and onions, Post-harvest decay in nectarines, plums and canning peaches Leaf spot of ginger, Purple blotch (<i>Alternaria</i> blotch) of onions, Early blight of tomatoes <i>Alternaria</i> brown spot of citrus, Dollar spot, <i>Fusarium</i> , <i>Helminthosporium</i> leaf spot and <i>Rhizoctonia</i> brown patch in turf.		'n Swamdoder geformuleer as 'n suspensie konsentraat vir die beheer van:- <i>Botrytis</i> in tafel- en wyndruiwe, kiwivrugte, tamaties en uie, Na-oes verrotting in nektariens, pruime en inmaakperskes, Blaarvlek op gemmer <i>Alternaria</i> vlek op uie, Vroeë roes op tamaties <i>Alternaria</i> bruinvlek op sitrus, Dollarvlek, <i>Fusarium</i> , <i>Helminthosporium</i> blaarvlek en <i>Rhizoctonia</i> bruinkol in grasperke.	



HAZARD STATEMENTS:

Harmful if inhaled.
Suspected of causing cancer.
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

PRECAUTIONARY STATEMENTS:

Prevention:

Obtain special instructions before use.
Avoid breathing mist or vapors.
Avoid release to the environment.
Wear protective gloves/ protective clothing/ eye protection/ face protection/ hearing protection.

Response:

IF INHALED: Remove person to fresh air and keep comfortable for breathing. Call a **POISON CENTER/** doctor if you feel unwell.
Collect spillage.

WARNING

Active ingredient
Iprodione (dicarboximide) – 255 g/L

Aktiewe bestanddeel
Iprodioon (dikarboksimid) – 255 g/L

Net Volume

5L

Netto Volume

REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER

FMC Chemicals (Pty) Ltd
Company Registration Number: 1988/001451/07
West End Office Park
Building C, Cnr West Ave & Hall Street
Centurion, 0014
Telephone number: +27 (76) 875 4432
www.ag.fmc.com/za/en

Batch Number
Date of Manufacture
Expiry Date

Printed on Container
Printed on Container
2 Years from manufacture

Lot Nommer
Datum van Vervaardiging
Vervaldatum

UN Number/VN Nommer

3082

For any emergency or poisoning contact: Griffon Poison Information Centre (24 hrs)
Vir enige noodgeval of vergiftiging kontak Griffon vergiftiging Inligtingsentrum (24 hr)

+27-(0)-82-446-8946

WAARSKUWINGS:

GEVAARSTELLINGS:

- Skadelik indien ingeasem.
- Word daarvan verdink dat dit kanker veroorsaak.
- Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte.

INDIEN DIE GEWAS WAT BEHANDEL WORD BENUT SAL WORD VIR UITVOERDOELEINDES RAADPLEEG DIE BETROKKE UITVOER ORGANISASIE VIR VOORSKRIFTE RAKENDE AANGEWESSE ONTHOUDINGSPERIODES. INDIEN DIE GEWAS WAT BEHANDEL WORD BESTEM IS VIR PLAASLIKE GEBRUIK LAAT DIE VOLGENDE ONTHOUDINGSPERIODES TOE TUSSEN DIE LAASTE BESPUITING EN OES:-

GEMMER:	28 DAE
WYNDRUIWE:	7 DAE
TAFELDRIUWE: MOENIE LATER AS ERTJIEKORRELSTADIUM TOEDIEN NIE (BEHALWE OP "WALTHAM CROSS" EN "SULTANA" VARIËTEITE WAAR TOEDIENINGS NIE LATER AS VOLBLOMSTADIUM GEMAAK MOET WORD NIE)	
KIWIVRUGTE :	7 DAE
NEKTARIENE:	3 DAE
PERSKES (SLEGS INMAAKPERSKES):	3 DAE
PRUIME (VOOR OESBESPUITINGS) :	3 DAE
UIE :	3 DAE
TAMATIES :	3 DAE
SITRUS :	115 DAE

Skadelik indien ingeasem, ingesluk of deur die vel geabsorbeer word.

Skadelik vir visse en waterinvertebrata.

Berg in 'n koel plek, weg van voedsel en voer.

Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Herbetreding - Moenie behandelde gebied binnegaan alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

Alhoewel **Rovral® Flo** as gewasveilig geag word op die meeste belangrike kultivars, beteken dit nie dat 'n meer sensitiewe kultivar nie in die toekoms gekommersialiseer kan word nie. Waar 'n nuwe kultivar teëgekomp word, moet groot areas nie behandel word voordat u **Rovral® Flo** op daardie kultivar getoets het nie.

VRYWARING:

ALHOEWEL HIERDIE MIDDEL OMVATTEND ONDER 'N GROOT VERSKEIDENHEID TOESTANDE GETOETS IS WAARBORG DIE REGISTRASIEHOUER NIE DAT DIT ONDER ALLE TOESTANDE DOELTREFFEND SAL WEES NIE AANGESIEN DIE WERKING EN EFFEK DAARVAN BEÏNVOED KAN WORD DEUR FAKTORE SOOS ABNORMALE KLIMAATS- EN BERGINGSTOESTANDE, KWALITEIT VAN VERDUNNINGSWATER, VERENIGBAARHEID MET ANDER STOWWE WAT NIE OP DIE ETIKET AANGEDUI IS NIE EN DIE VOORKOMS VAN WEERSTAND VAN DIE SIKTES TEEN DIE BETROKKE MIDDEL SOWEL AS DIE METODE, TYD EN AKKURAAKHEID VAN TOEDIENING. VERDER AANVAAR DIE REGISTRASIEHOUER NIE VERANTWOORDELIKHEID VIR SKADE AAN GEWASSE, PLANTEGROEI, DIE OMGEWING OF VIR NADELIGE EFFEK OP MENS OF DIER OF VIR 'N GEBREK AAN PRESTASIE VAN DIE BETROKKE MIDDEL AS GEVOLG VAN DIE VERSUIM VAN DIE GEBRUIKER OM ETIKETAANWYSINGS NA TE KOM OF AS GEVOLG VAN DIE ONTSTAAN VAN TOESTANDE WAT NIE KRAGTENS DIE REGISTRASIE VOORSIEN KON WORD NIE. RAADPLEEG DIE VERSKAFFER IN DIE GEVAL VAN ENIGE ONSEKERHEID.

VOORSORGMATREËLS:

VOORSORGSTELLINGS:

Voorkoming:

- Kry spesiale instruksies voor gebruik.
- Vermy asemhaling van mis of dampe.
- Vermy vrystelling na die omgewing.
- Dra beskermende handskoene/ beskermende klere/ oogbeskerming/ gesigbeskerming/ gehoorbeskerming.

Reaksie:

- **INDIEN INGE-ASEM:** Verwyder persoon na vars lug en hou gemaklik om asem te haal. Bel 'n **GIFSENTRUM**/dokter as jy onwel voel.
- Versamel gemorste produk.

GEVAARLIKE BESTANDELE:

Bevat 1,2-bensisotiasool-3(2H)-een. Kan 'n allergiese reaksie veroorsaak

Moenie die sproeinewel inasem nie.

Was met seep en water na velkontak.

Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of bespuiting of voordat hande en gesig gewas is nie.

Verhoed wegdrywing van die sproeinewel na ander gewasse, weidings, riviere en damme.

Verhoed besoedeling van voedsel, eetgerei, voer en drinkwater.

Maak alle apparaat deeglik skoon na gebruik en moenie die omgewing met spoelwater besoedel nie.

Sodra die houer leeg is keer dit om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeitot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna driekeer uit met 'n volume water gelyk aan minstens 'n tiende van die houer en gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk. Vernietig die houer deur gate daarin te maak en te begrawe of te verbrand. Moenie die houer vir enige ander doel gebruik nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING :

Vir weerstandsbestuur is **Rovral® Flo** as 'n Groepkode 2 (dikarboksimied) swamdoder geklassifiseer. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **Rovral® Flo**, of enige ander Groepkode 2 (dikarboksimied) swamdoder het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal moontlik nie deur **Rovral® Flo** of enige ander Groepkode 2 (dikarboksimied) swamdoder, beheer word nie.

Aangesien die voorkoms van weerstandbiedende swamme moeilik is om te bepaal voor swamdodertoediening plaasvind, is dit uiters noodsaaklik dat behandelde gewasse met gereelde tussenpose ondersoek word om weerstand vroegtydig te identifiseer. FMC Chemicals (Edms) Bpk. sal nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige gebrek aan prestasie in die geval van die opbou van weerstand in die swamme as gevolg van onvoldoende swambestandheidsbestuur soos aangedui op die etiket nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe, herhaaldelike gebruik van swamdoders in dieselfde swamdodergroepkode. Wissel af met, of gebruik tenkengsels van produkte in verskillende swamdodergroepcodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in siektebeheerprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, kontak u naaste verspreider verteenwoordiger.

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

VERENIGBAARHEID:

Rovral® Flo is verenigbaar met swamdoders en insekdoders wat normaalweg op die bogenoemde gewasse gebruik

word. Dit word egter aanbeveel dat **Rovral® Flo** nie in tenkmengsels gebruik word in gevalle waar deeglike roering van die mengsel nie gehandhaaf kan word nie.

MENGINSTRUKSIES:

Verseker dat skoon water ten alle tye gebruik word. Maak die tenk halfvol met water, voeg die aanbevole hoeveelheid **Rovral® Flo** by, roer en vul die tenk dan met water. Maak seker dat vermenging deeglik gedoen word en roer mengsel deeglik vóór en deurgaans tydens elke toediening.

TOEDIENINGSTABEL:

GEWAS EN SIEKTES	DOSIS	OPMERKINGS
TAFELDRUIWE Vaalvrot / Botritisvrot (<i>Botrytis cinerea</i>)	200 ml /100 l water	<p>Dien 500 tot 1 000 l spuitmengsel toe per hektaar afhange van die grootte van die stokke. Verseker dat die blom- of druiwetrosse deeglik benat word. Die eerste bespuiting word op die volblomstadium toegedien. Dit moet op die ertjekorrelstadium opgevolg word deur 'n toediening van óf Rovral® Flo, of 'n geskikte alternatiewe botritis-middel soos Scala (Reg. Nr. L4972) of Teldor 500 SC (Reg. Nr. L6250). MOENIE Rovral® Flo op Waltham Cross en Sultana druiwe na ertjekorrelstadium toedien nie.</p> <p>Na die ertjekorrelstadium moet ander botritis-middels [Scala, Teldor 500 SC of Rovral® Aquaflo (Reg. Nr. L5140)] toegedien word volgens dié produkte se etiketaanwysings. Iprodioon-bevattende middels (Rovral® Flo, Rovral® Aquaflo) moenie meer as drie keer altesaam per seisoen toegedien word nie.</p> <p>LW: Toedienings behoort so gou as moontlik na witluisbespuitings gemaak te word, of herhaal te word indien 'n witluisbespuiting binne 14 dae na Rovral® Flo behandeling toegedien word.</p>

<p>WYNDRUIWE</p> <p>Vaalvrot / Botritis vrot (<i>Botrytis cinerea</i>)</p>	<p>200 ml /100 l water</p>	<p>Dien 500 tot 1 000 l spuitmengsel per hektaar toe afhangede van die grootte van die stokke. Verseker dat die blom- of druiwetrosse deeglik benat word. Die aantal Botritis bespuitings wat per seisoen toegedien word, behoort bepaal te word deur die geskiedenis van voorkoms van die siekte in die wingerd en die verwagte straftheid van die siekte. 'n Minimum van twee toedienings word aanbeveel onder toestande van lae tot matige siektedruk, met tot 4 toedienings wanneer 'n kwaai uitbraak verwag word. Die tye van toediening behoort soos volg te wees:</p> <p><u>Behandeling 1</u> : Dien Rovral® Flo toe op die volblomstadium.</p> <p><u>Behandeling 2</u>: Indien 'n matige tot kwaai besmetting verwag word moet óf Rovral® Flo, of 'n geskikte alternatiewe botritis-middel soos Scala (Reg. Nr. L4972) of Teldor 500 SC (Reg. Nr. L6250) volgens etiketaanwysings toegedien word op die ertjiekorrelstadium, voordat die trosse toemaak.</p> <p><u>Behandeling 3</u>: Indien ernstige siektedruk verwag word, moet óf Rovral® Flo, of Rovral® Talc (Reg. Nr. L1216) of Scala of Teldor 500 SC in die periode vanaf trosse toemaak tot en met deurslaan volgens etiketaanwysings toegedien word.</p> <p><u>Behandeling 4</u>: Drie weke voor oes moet of Rovral® Flo of 'n geskikte alternatiewe Botritis-middel (Rovral® Talc, Scala of Teldor 500 SC) volgens etiketaanwysings toegedien word.</p> <p>BELANGRIK: Let asseblief daarop dat Behandelings 1 en 4 krities is en dat hulle toegedien MOET word, afgesien daarvan of Behandelings 2 en 3 toegedien word of nie.</p> <p>L.W. Toedienings behoort so gou as moontlik na witluisbespuitings gemaak te word, of herhaal te word indien 'n witluisbespuiting binne 14 dae vanaf 'n Rovral® Flo toediening gedoen word. Moenie meer as 3 iprodioon (Rovral® Flo, Rovral® Talc) bespuitings per seisoen toedien nie.</p>
<p>GEMMER :</p> <p>Blaarvlek (<i>Nigrospora</i> sp.)</p>	<p>200 ml /100 l water</p>	<p>Dien elke 21 dae toe vanaf 8 weke na plant tot 4 weke voor oes.</p>
<p>GRASPERKE :</p> <p>Dollarvlek, <i>Fusarium</i>, <i>Helminthosporium</i>, blaarvlek en <i>Rhizoctonia</i> bruinkol</p>	<p>75 ml / 100 m²</p>	<p>Verdun die aanbevole hoeveelheid Rovral® Flo in voldoende skoon water om te verseker dat goeie bedekking van die grasoppervlakte verkry word teen die aanbevole dosis.</p> <p><u>Voorkomende behandeling</u>: Begin met toediening aan die begin van die seisoen en herhaal wanneer toestande siekte-ontwikkeling begunstig.</p> <p><u>Korrektiewe behandeling</u>: Dien toe sodra eerste siektesimptome verskyn en herhaal met tussenpose van 14-21 dae. Hierdie behandeling sal die siektes</p>

		se verspreiding verhoed asook 'n onderdrukking van die siektes in reeds besmette gebiede bewerkstellig. NOTA: Indien gras gesny word, moet Rovral® Flo slegs toegedien word NADAT die gras gesny is. MINSTENS 24 uur moet verloop tussen Rovral® Flo toediening en die daaropvolgende sny van die gras.
KIWIVRUGTE <i>Botrytis</i>	200 ml /100 l water	Dien toe as 'n voldekbepuiting. Verseker dat die vrugte deeglik benat word. Dien eenmalig toe, 7-10 dae voor oes. Moenie meer as 1 500 l spuitmengsel per ha toedien nie.
NEKTARIENE Na-oes verrotting (<i>Botrytis</i> , <i>Monilinia</i> en <i>Rhizopus</i> spp.)	200 ml /100 l water	Dien toe as 'n voldekbepuiting. Verseker dat die vrugte deeglik benat word. Dien twee keer toe, naamlik 10 dae en weer 3 dae voor oes. Dit mag opgevolg word deur 'n toediening van Rovral® Aquaflo (Reg. Nr. L5140) volgens etiketaanwysings.
PERSKES (Bestem vir inmaak) Na-oes verrotting (<i>Monilinia</i> en <i>Rhizopus</i> spp.)	200 ml /100 l water	Dien toe as 'n voldekbepuiting. Verseker dat die vrugte deeglik benat word. Dien twee keer toe, naamlik 10 dae en weer 3 dae voor oes.

<p>PRUIME</p> <p>Na-oes verrotting (<i>Botrytis</i>, <i>Monilinia</i> en <i>Rhizopus</i> spp.)</p>	<p>200 ml / 100 l water</p>	<p>Dien toe as 'n voldekbepuiting. Verseker dat die vrugte deeglik benat word. Dien twee keer toe, naamlik 10 dae en weer 3 dae voor oes.</p> <p>OF</p> <p>Doop vrugte na-oes vir een minuut in suspensie. Laat dan toe om af te droog. Moenie die aangeduide doop-konsentrasie oorskry nie.</p> <p>NOTA: MOENIE BEIDE VOOR- EN NA-OESBEHANDELING TOEDIEN NIE AANGESIEN DIT KAN LEI TOT RESIDU'S HOËR AS AANVAARBARE VLAKKE</p>
<p>SITRUS (Mandaryntipes, insluitend Minneolas en soortgelyke basters)</p> <p><i>Alternaria</i> bruinvlek <i>Alternaria alternata</i> (= <i>Alternaria citri</i>)</p>	<p>200 ml Rovral® Flo + 200 g mankoseb WP of WG /100 l water</p>	<p>Dien toe as 'n voldekbepuiting en verseker dat die binnestruktuur van die bome ook benat word. Deeglike benatting van vrugte en nuutgevormde groei is noodsaaklik. Twee toedienings word normaalweg benodig. Dien die eerste bespuiting toe 4 weke na 100 % blomblaarval (Okt/Nov) en volg op met die tweede bespuiting 4 tot 6 weke later (Des). Volg die korter interval onder buitengewone nat toestande.</p> <p>Moenie meer as tweemaal per seisoen toedien nie.</p> <p>Toediening van die Rovral® Flo / mankoseb mengsel vorm deel van 'n seisoenlange beheerprogram soos voorgeskryf deur Citrus Research International. Toediening van bykomstige beskermende swamdoderbespuitings (koperhidroksied of mankoseb) word vereis gedurende die periodes Augustus tot Oktober en ook Januarie tot Maart.</p>

<p>TAMATIES</p> <p>Grysvrot (<i>Botrytis cinerea</i>)</p>	<p>200 ml /100 l water</p>	<p>Dien toe as 'n voldekbepuiting en verseker deeglike benatting van vrugte. Begin toedienings wanneer toestande gunstig is vir siekte-ontwikkeling en herhaal met 14-dae tussenpose. Moenie meer as 3 Rovral® Flo bespuitings per seisoen toedien nie.</p>
<p>TAMATIES</p> <p>Vroeë roes (<i>Alternaria solani</i>) en Grysvrot (<i>Botrytis cinerea</i>)</p>	<p>200 ml Rovral® Flo + 200 g mankoseb WP of WG/ 100 l water</p>	<p>Dien toe as 'n voldekbepuiting. Begin toedienings wanneer toestande gunstig is vir siekte-ontwikkeling en herhaal met 7-dae tussenpose. Die aanwending van dié tenkmengsel sal ook voorkomende beheer van laatroes (<i>Phytophthora infestans</i>) verskaf. Moenie meer as 3 Rovral® Flo bespuitings, alleen of in tenkmengsels, per seisoen toedien nie.</p>
<p>UIE</p> <p><i>Alternaria</i> vlek en <i>Botrytis</i> nekvrot</p>	<p>2 l / ha</p>	<p>Begin met toedienings wanneer plante in die 3-5 blaarstadium is (omtrek 10-15 dae na oorplanting) en herhaal elke 14-21 dae. Gebruik die korter periode onder hoë siektedruk. BELANGRIK: Hierdie is 'n voorkomende behandeling en moet toegepas word voordat die siektesimptome verskyn. Moenie 'n benatter gebruik nie. Moenie op nat plante toedien nie.</p>

Scala en **Teldor®** is geregistreerde handelsmerke van Bayer CropScience AG, Duitsland
© FMC Chemicals (Edms) Bpk. Alle ongemagtigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.